'n Misleide Kerk, Deur Die Wêreld

Jesus Christus, Sy Seun, en het ons alles vrylik gegee in Christus. Ons is dankbaar teenoor U, Here, vir die voorregte wat ons gegun word deur hierdie allerhoogste Offerhande wat Jesus vir ons gegee het by Golgota, dat dit ons terugversoen het na gemeenskap en guns met U, dat ons hierdie troos kan hê om te weet dat daar geskywe staan: "As julle in My bly, en My Woorde in julle, kan julle vra wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word." Nou, ons is dankbaar hiervoor, en bid dat U ons geloof sal gee om dit te glo met alles wat in ons is.

2 Laat ons nou afwerp, Here, elke vermoeienis van die dag, elke sorg van hierdie lewe, die heelpad van die opsigter tot by die pastoor, dat daar nou niks op ons gedagtes sal wees nie, maar sal wag, eerbiedig sal luister vir die Heilige Gees om met ons te praat, dat ons iets goeds sal vermag, om meer van U te weet, deur ons samekoms. Want, Here, dis waarlik waarom ons gekom het op hierdie warm dag. Spreek tot ons deur U lewende Woord, en laat die lewende Woord in ons bly en in ons vertoef, dat ons gevorm en gemaak kan word, nie vir die wêreld nie, maar verander kan word deur die henuwing van ons gees, in die vorm van die Seun van God. O, ons harte bewe wanneer ons dink, en die vreugde vul ons siele, om te weet dat ons seuns en dogters van God genoem kan word. Ons staan op die randjie van Sy tweede Koms, en alle volke en koninkryke wat bewe onder ons voete, alles van die wêreld is aan die verdwyn, maar in die wete dat Hy eendag sal kom en ons na 'n Koninkryk toe sal neem waar daar nooit 'n einde sal wees, of, dit nooit beweeg sal word nie. En om te dink dat ons nou die—die onderdane van daardie Koninkryk is! O God, besny ons harte en ore vandag, deur—deur die Heilige Gees, deur die was van die water van die Woord. Want ons vra dit in Sy Naam en tot Sy eer. Amen.

3 Ek wil graag die onderwerp benader vanmôre. Want, ek sou oor iets 'n bietjie anders gepreek het as daar 'n genesingsdiens moes wees, maar ons het aangekondig dat die gebedskaartjies om agtuur uitgegee sal word, tot agt-dertig of nege-uur. En ek net. . . Billy het na die huis toe gekom 'n paar minute gelede en hy het gesê daar was skaars enigiemand hier, so hy het nie gebedskaartjies uitgegee nie. So ons sal. . . Ek het gedink om hierdie teks te neem, vir 'n teregwysing van die kerk. En ek wil praat oor die onderwerp van: *'n Misleide Kerk, Deur Die Wêreld.* Ek wil nou bietjie lees uit die Boek van Rigters, die 16de hoofstuk, vanaf die 10de vers.

> *Toe sê Delíla vir Simson, Kyk, jy het my bedrieg en vir my leuens vertel: vertel my nou tog* waarin *jy gebind kan word.*

En hy antwoord haar: As jy *my stewig vasbind met toue waarmee geen werk gedoen is nie, dan sal ek swak word, en wees soos 'n ander mens.*

Toe het Delíla nuwe toue geneem en hom daarmee gebind, en vir hom gesê, Die Filistyne is op jou, Simson. terwyl die spioene in die kamer klaarsit. Maar hy het dit soos draadjies *van sy arms af verbreek.*

En Delíla sê vir Simson, Tot nou toe het jy my bedrieg en vir my leuens vertel: vertel my waar *jy gebind kan word. En hy antwoord haar, As jy . . . sewe haarvlegsels van my hoof, met die weefsel saam, invleg.*

Sy druk dié toe vas aan *die* penne, *en sê vir hom, Die Filistyne is* op *jou, Simson. En hy* het wakker geword *uit sy slaap, en die* weefpenne *met die weefsel uitgeruk.*

Toe sê sy vir hom, Hoe kan jy sê, Ek het jou lief, terwyl in *jou hart nie met my is nie? drie maal het jy my nou al bedrieg, en my . . . meegedeel waardeur jou krag so groot* is *nie; en my nie meegedeel waardeur jou krag so groot is nie.*

En omdat sy hom met haar woorde al dae gepers het, *en by hom aangedring het, het hy so ongeduldig geword, dat hy kon sterf;*

En *hy het sy hele hart aan haar bekend gemaak, en aan haar gesê, Daar* het *nooit 'n skeermes oor* my *hoof gekom nie; want ek is n Nasireër van God van my moeder se skoot af: as ek geskeer sou word, sou my krag van my wyk, en ek swak word, soos* 'n ander *mens.*

Toe Delíla sien dat hy sy hele hart aan haar bekend gemaak het, laat sy die vorste . . . die Filistyne roep, en sê, Kom hierdie keer op, want hy het sy hele hart aan *my* gewys. En *toe kom die vorste van die* Filistyn *na haar op, en* soek *die geld*, of *bring die geld* vir haar *saam.*

En sy het hom op haar skoot aan die slaap gemaak; en 'n man geroep, en hy *het die sewe haarvlegsels van sy hoof afgeskeer; en . . . sy het* begin *om hom te bedwing, en sy krag het van hom gewyk.*

Toe sê sy, Die Filistyne op jou, Simson. En toe hy uit sy slaap wakker word, sê hy, Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere, en my losruk. Want hy het nie geweet dat die HERE *van hom gewyk het nie.*

4 Nou wil ek graag lees, vir 'n teks vir hierdie onderwerp, oorkant gevind in die Boek van Openbaring, die 2de hoofstuk, vanaf die 21ste en die 23ste verse.

En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoererye *te bekeer; en sy het haar nie bekeer nie.*

Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en dié wat met haar owerspel bedryf, in groot verdrukkings, *as hulle hulle nie van hulle werke bekeer nie.*

En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak; en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek: en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

Mag die Here Sy seëninge voeg by die lees van Sy Woord.

5 Simson het, baie soos die kerk, reg begin. Hy het begin in die regte rigting. Hy het begin, en is 'n dapper held genoem. Hy het begin, deur die Here te dien, deur Sy Woorde te onderhou en Sy Gebooie uit te voer. En dit was ietwat soos die kerk. Dit het begin, soos ons sou sê, as 'n wêreldse uitdrukking, begin op die regte voet. Begin deur die Gebooie van die Here te onderhou. En solank as wat Simson die Here gevolg het, het die Here vir Simson gebruik.

6 Want, God kan enigiemand bewaar en enigiemand gebruik wat Hom sal volg, want dis God se besigheid. Maar wanneer ons wegdraai, weg van die dinge van God af, dan kan God ons nie meer gebruik nie. Wanneer ons die Gebooie van God standvastig sal volg, wanneer ons in die bladsye van die Bybel sal bly en aanbid deur die geskrewe Woord, Hom sal aanbid in die Gees en in die Waarheid van die Woord, dan kan God enige individu gebruik. Maar wanneer hulle 'n idee kry om weg te draai agter iets anders aan, dan kan God nie meer daardie persoon gebruik nie.

7 So, Simson maak 'n—'n baie besondere voorstelling van die kerk van vandag. Toe die kerk begin het, kon God die kerk gebruik, want die kerk het die Gebooie van die Here nougeset gevolg, al Sy oordele en Sy verordeninge onderhou, en al Sy Gebooie uitgevoer. En God was met die kerk. Maar dit lyk asof daar so 'n swakplek in die kerk is.

8 Onthou, ons is nie op 'n piekniek nie, maar ons is in 'n slagveld. Baie mense dink net dat wanneer hulle 'n Christen word dat dit al is wat hulle hoef te doen, dat dit dit vir altyd afhandel, omdat hulle 'n Christen is en alles maklik gaan kom. Moet dit nooit in jou kop kry nie. Want, ek het 'n Christen geword om te veg, die goeie stryd van die geloof te stry. Ek het 'n Christen geword, om in die gevegslinies te kom. Ons is Christenstryders, en ons moet opgelei en grootgemaak word, en al die tegnieke van die vyand ken, om te weet hoe om te versterk, te weet hoe om—om die stryd te stry. En ons kan dit net doen soos die Heilige Gees dit aan ons sal openbaar. Ons kan nie neem wat 'n ander nasie vir ons sê wanneer ons gaan oorlog maak, sommige van hulle idees nie. Maar ons moet ons eie idees neem, op die manier wat die Heilige Gees ons sou lei, en watter idees Hy vir ons sou gee, want Hy is die Hoofleier van die leër van die Christene.

9 Simson het goed gevaar, hy was ’n groot man tot hy begin het om, begin het om soort van te (soos ons dit sou noem) heul met die vyand, tot hy sy eie terrein begin verlaat het. En die kerk het goed aangegaan, en was reg totdat hulle hulle terrein begin verlaat het. Simson het begin flankeer. En hy het nie met Israelietiese meisies flankeer nie, hy het begin flankeer met Filistynse meisies.

10 En dis soort van net soos die kerk gedoen het. Dit het nooit gemeenskap met sy eie gehad nie, dit het agter ongelowiges aangegaan en met ongelowiges begin flankeer. Dis waar ons ons groot, en een van die grootste foute gemaak het, is toe die kerk dinge begin doen het wat nie reg was nie. Dit het begin, soos Simson, om by verkeerde mense betrokke te raak.

11 Simson, solank hy in die geselskap van die Here se mense was, het hy goed gevaar. Maar toe hy met slegte geselskap begin flankeer het, toe het hy in die moeilikheid beland.

12 En dis hoe dit is met die kerk. Toe die kerk eerbiedig en daagliks die leiding van die Heilige Gees gevolg het, het God hulle geseën, en het wonderwerke en tekens en wonders, die kerk gevolg. Maar toe dit by die verkeerde mense betrokke geraak het, by die wêreld! Een van die slegste dinge wat dit gedoen het, en die eerste dinge wat dit gedoen het, dit het begin organiseer, die gemeenskap onder ander gelowiges verbreek, omdat hulle uitgevind het dat nasies georganiseerd was. Maar hierdie groot Evangelie is nie verorden aan een nasie of een volk nie. Dis verorden aan “wie ook al wil, laat hom kom,” alle nasies, volke, tale, en mense. God het nooit bedoel dat ons grenslyne moet trek nie.

13 Maar mense wou wees soos, hulle vergelyk, of wil naboots, maak soos die—die wêreld maak, die dinge sê wat hulle sê, ’n sukses maak soos hulle ’n sukses maak. Ons kan nooit ’n sukses wees deur enigiets te doen wat die wêreld doen nie. Ons kan net ’n sukses wees soos ons God se verordeninge volg en Sy manier van dinge doen. Ons kan nooit wees, deur die wêreld na te boots nie. As die sigaretmaatskappy hulle grootste sukses behaal het deur televisie, en die bier en whiskygroepe hulle groot sukses behaal het deur die bydrae van televisie, is dit geen teken dat dat die kerk sy sukses deur televisie sal behaal nie. Die sukses van die kerk lê in die prediking van die Evangelie, van die Krag van God, en die demonstrasie van die Gees. Ons kan nie sê omdat die televisie *so-en-so* gemaak het vir die sigaretmaatskappy en die—en die ander maatskappye nie! Ons het nie enige Skrif om te probeer kompeteer met daardie mense nie. Solank as wat ons dit doen, mag ons groot getalle mense trek, maar dis nie wat God ons verordineer het om te doen nie. Ons dink omdat ons al die kleure het, wat hoog vlieg, groot organisasies, groot kleurvolle dinge laat plaasvind, dat dit ’n sukses is. Ons sterf daagliks op ons voete, geestelik gesproke! As ons tien-miljoen sterk gestaan

het vanmôre, en die Heilige Gees nie met ons was nie, sou dit ons baat om tien sterk te staan met die Heilige Gees met ons. Ons kan nie vergelyk met die wêreld nie.

14 En een van die eerste dinge, was, die kerk het hulleself begin organiseer. Die eerste organisasie was die Katolieke kerk, en toe het die Lutherse kerk gekom. Toe hulle georganiseer het in die Katolieke kerk om dit 'n organisasie te maak, was daar eendag 'n uitroep: "Die Filistyne is op jou, Simson," en Simson het die toue van die Katolieke kerk gebreek, en Martin Luther het uitgekom, saam met die organisasies.

15 Toe het hulle die kerk met nog 'n tou gebind, soos Delíla het. En hulle het begin . . . in plaas van om God-geroepe manne te hê, manne wat geroep is deur die Heilige Gees; miskien het hulle nie hulle ABC's geken nie, maar hulle het Christus geken. Toe het die kerk stylvol geword, en die politieke sprekers nageboots. En hulle moes vir hulle predikers "doktorsgrade" gee, almal moes 'n Doktor van Godsgeleerdheid wees. Dit was nog 'n tou om die kerk mee vas te bind. Mans gaan uit en studeer, elke kweekskool probeer 'n beter geleerde produseer sodat hulle kerke kan spog: "Ons pastoor is 'n Doktor van Godsgeleerdheid." En wat het hulle gedoen? Een probeer meer kennis kry as die ander een. Wel, dit beteken nie enigiets in God se oë nie.

16 En dis glad nie nodig dat enige man sy wêreldse kennis probeer neem en ooit vir God daarmee behaag nie. Dis 'n gruwel in God se oë! Jy sal God nooit behaag met die wêreldse ambisie en kennis nie, want "dis vyandskap met God," sê die Skrif. Hy kan dit nie doen nie.

17 En elkeen probeer al die kennis hê. Hulle weet net wat om te doen en die woorde om te sê, en dit word net 'n politieke toespraak in plaas van 'n kragdadig gedemonstreerde, Heilige Gees Boodskap wat in die hart van die mens insink en sy sonde ontdek. Hulle word opgelei vir 'n politieke praatjies, en ons het nie dit nodig nie. Paulus het gesê: "Die Woord het na ons toe gekom, nie net . . . of, die Evangelie, in Woord alleen nie, maar deur die Krag en die manifestasie van die Heilige Gees." Dit het die Evangelie gebring, die krag van die Heilige Gees te demonstreer! Maar al hierdie manne gaan na kweekskole en hulle leer groot geleerdhede, hoe hulle voor die mense moet staan, hoe hulle hulleself moet voorstel, hoe hulle moet aantrek en hoe hulle moet optree, hulle nooit die verkeerde taal moet gebruik nie. Nou, dis alles reg vir 'n politieke toespraak, maar ons soek nie na die betowerende woorde van die mens nie. Paulus het gesê: "Die Evangelie wat ek verkondig, het nie so gekom nie, maar Dit het gekom deur die hernuwing van die—die Heilige Gees en die Krag van demonstrasies." Kom nie deur 'n reg gevormde toespraak, dat jou wysheid sou wees, of jou vertroue in die wysheid van die mens sou wees nie. Maar dit kom deur

die demonstrasies van die Krag van die herrese Christus. Dis die Evangelie: "Om Hom te ken in die Krag van Sy opstanding."

18 Elkeen probeer dink hy's 'n bietjie slimmer as die ander man, elke denominasie. Die Metodiste sal sê: "Ons het die slimste man." Die Baptis sal sê, en die kerk van Christus, ensovoorts, hulle almal: "Ons, ons is die slimste. Ons, ons—ons mense, ons laat nie net die gewone man uitgaan en die Evangelie verkondig nie." Maar hulle soek hulle uit. (O God, wees genadig!) Soek hulle uit; as hulle geïndoktrineer is met hulle sekere doktrine, dan plaas hulle hulle in die kerk. God kan hom op geen manier aanraak nie. Ek wil hê iemand moet vir my preek wat uitgesoek is deur die Heilige Gees, wat God opgerig het, nie uitgesoek is deur die mens of denominasies nie.

19 Al die kennis! Hulle sê: "O, ons weet alles Daarvan," en party van hulle ken nie die eerste alfabet van die Heilige Gees nie. Hulle ontken Dit.

20 Dit herinner my aan 'n boekie wat ek eendag in Kalifornië gelees het, omtrent tien jaar gelede. Ek het dit gekry in 'n ou boekwinkel. Ek vergeet wie die skrywer was. Net 'n klein tiensent boekie, maar dit het nogal baie sin gemaak, al het dit humoristies en verskans gelyk. Maar, ek het iets daarin gekry wat soos God geklink het, vir my. En een van die storietjies het so begin. Een oggend in 'n groot hoenderhok, was daar 'n sekere haantjie wat gedink het hy het al die kennis gehad wat daar bekend kon wees. So hy vlieg tot bo-op 'n krat en kap sy snawel teen die krat, vier of vyf keer, gooi sy koppie agteroor en kraai soos jy nog nooit 'n haan hoor kraai het nie. En die ander, hy het hulle aandag getrek, en hy het gesê: "Dames en here van hierdie hoenderhok, ek wil graag met julle almal praat vanmôre oor 'n groot opvoedkundige program wat ons so pas ontwerp het." Gesê: "Ek het baie kennis nodig gehad in my studie," terwyl hy sy brilletjie op sy snawel sit. En hy het gesê: "Ek het besluit dat ons hoenders onsself kan verbeter met meer kennis. Daarom, kan ek julle vertel dat waar, as ons sal grawe en werk in 'n sekere hok of gat, ons 'n sekere vitamien sal vind wat ons beter sal laat kraai, mooier vere. En, o, ek kan julle vertel hoe ons onsself kan verbeter op baie verskillende maniere."

21 En die hennetjies met hulle rooi kammetjies, hulle het net gekloek en gesê: "Is hy nie 'n skat nie?" En hulle het hom beslis bewonder. "O, hy is so 'n briljante haan!" Herinner my aan party van hierdie kweekskoolpredikers hier. "So 'n briljante man! Dis nie nodig dat ons rondhang saam met die res van die hoenders nie, ons behoort almal saam met hom te gaan."

22 Wel, voor die kêreltjie klaar was met sy toespraak, was daar 'n ander hoender wat nie sulke blink vere gehad het nie, wat ingehardloop gekom het van die res van die hoenderhok af, en gesê het: "Manne, net 'n oomblik! Ek het nou net die nuutste

bulletin op die radio gehoor. Hoenders het vier sent per pond opgegaan, ons gaan almal môre geslag word! Wat gaan julle kennis help?"

23 Broer, al die kennis wat ons kan inwin, wat help dit ons? Ons is ses-voet stof! Ons sterf almal in duime en in minute. Ons kennis beteken niks. Ons wil Hom ken. Maar hulle doen dit.

24 Soos ek 'n tyd gelede gepraat het van 'n sekere kanarietjie, en hy het gedink hy het al die kennis gehad het wat—wat jy kon hê, en hy het soveel geweet dat hy al die res van die kanaries kon vertel van die mense. So hy vlieg tot bo-op sy hok en hy begin praat van die mens, hoe hy alles van hulle af weet. En, meteens, stap daar 'n professor van Purdue nader en begin 'n paar hoogdrawende woorde met hom praat, en die kêreltjie het sy oë geknip en sy koppie gedraai en . . . Nou, hy het oë gehad, hy kon die professor sien. Hy het ore gehad, hy kon hom hoor. Maar, natuurlik, het hy nie geweet waarvan hy praat nie. Hoekom? Hy het 'n kanariebrein. Hy's net 'n voëlbrein. Dis al wat hy het. Hy het nie 'n mensbrein nie, so hy kan nie dink soos mense nie.

25 En 'n mens kan ook nie dink soos God nie! Jy's menslik, en al die wêreldse kennis is niks meer as 'n kanariebrein nie. Al wat jy doen, jy maak net jouself seer daarmee. Jy moet die gesindheid van Christus hê.

26 Die rede waarom mense gaan en by organisasies aansluit, en 'n handdruk in plaas van die nuwe geboorte aanvaar, hulle probeer die nuwe geboorte ontduik. Hulle wil nie die nuwe geboorte hê nie. En hulle—hulle weet ons leer dit in die Bybel, so hulle wil dit met iets vervang. En die Pinkstermense is net so erg, om dit met iets te probeer vervang! Hulle wil dit in klas hê. Dit moet net so deftig wees: "Ons sal handskud en by die kerk aansluit, en besprinkel of gedoop word," of iets. Hulle is bang vir die nuwe geboorte. Ek glo partymaal dat die Branham Tabernakel bang raak daarvoor!

27 Nou, ons weet almal dat 'n geboorte, ek gee nie om waar dit is, of waar, waar ook al nie, dis 'n gemors. Of 'n baba nou gebore word op 'n blaarhoop, op 'n harde vloer, of in 'n piek versierde hospitaalkamer, dis in elk geval 'n gemors. 'n Geboorte van 'n kalf, geboorte van enigiets anders, is 'n gemors.

28 En die nuwe geboorte is niks anders as 'n gemors nie! Maar mense is so styf: "Ons sal gaan daar na waar hulle hande skud. Ons sal daar gaan na waar hulle nie skree en huil, en op die altaar slaan en uitroep nie." Julle wil te menslik wees! Wat ons nodig het is geboorte, uitsterf, dit bring Lewe voort!

29 'n Saad, 'n ou aartappel, 'n saadaartappel, jy neem daardie aartappel en sit dit in die grond. Voor jy nuwe aartappels kan kry, moet daardie ou aartappel verrot. 'n Mielie kan nie nuwe lewe voortbring voor dit verrot het nie.

30 En ’n man of vrou kan nooit nuwe geboorte hê, alvorens hulle intellektuele en hulle eie self nie verrot, dood is, uitsterf by die altaar, en skree, en heeltemal opgemors word, tot by ’n punt waar die styfheid uit jou kraag uitgaan, en jy weer gebore word deur die Gees van God nie. Ek gee nie om of jy gil, praat in tale, op-en-af spring, hop soos ’n hoender met sy kop af nie, jy bring nuwe Lewe voort! Maar ons het dit met iets vervang, ons wil die klassieke manier hê, beslis.

31 Nou die dag, Vrydag, het ek en my vrou na die winkel toe gegaan. Ek bedoel nie om hierop te hamer nie. Maar terwyl ons in die straat afgegaan het, het ek net aangehou om my kop eenkant toe te draai vir die ander, nakende vroue. Ek het vir God belowe toe ek ’n blinde man was, as Hy my oë sou genees, sou ek na die ding kyk wat reg was. En ek het ’n kruisie wat altyd in my motor hang. Wanneer ek so-iets soos daardie sien, kyk ek na die kruis en sê: “O God, Dis my Toevlug,” terwyl ek na die kruis kyk.

32 Ek het daardie vroue gesien. Meda het gesê: “Ons het nog nie vandag een vrou gesien met ’n romp aan nie.” En sy het gesê: “Bill, kyk na daardie vrou daar met daardie bandjies om die bokant van haar liggaam,” en gesê: “wil jy vir my sê daardie vrou weet nie dis verkeerd nie?” Gesê: “As sy nie weet dis verkeerd nie, dan is sy nie by haar regte positiewe nie.”

33 Ek het gesê: “Net ’n oomblik, skat. Sy is ’n Amerikaner, sy maak soos die Amerikaners maak.” Ek het gesê: “Ek was in Finland nie lank gelede nie, skat.”

34 En ek het daar vir ’n man gevra wat my laat sit het, Doktor Manninen. En ons het na die—die gesondheidsbaddens gegaan, wat die “sauna” genoem word, en hulle neem jou in en gooi warm water in, of water op warm klippe, en dit laat jou net sweet. Dan laat hulle jou in yswater spring, en dan weer uit. Dan neem jy jou in ’n kamer in, en daar’s verpleegsters daarbinne, vroue wat mans skrop (en terwyl hulle nakend is), hulle weer in die bad instuur. Ek wou nie ingaan nie. En ek het gesê: “Doktor Manninen, dis verkeerd.”

35 Hy het gesê: “Goed dan, Eerwaarde Branham, dis verkeerd. Wat dan van julle Amerikaanse dokters wat ’n vrou sal kaal uittrek en haar op die tafel laat lê, elke seksuele—sekuele orgaan ondersoek wat sy het? Wat van julle verpleegsters in die hospitale?”

36 Ek het gesê: “Verskoon my, Broer Manninen, Manninen, jy’s reg.”

37 Wat is dit? Dis gebruike. Toe ek in Parys was kon ek dit skaars glo, dat die urinale vir beide mans en vroue dieselfde een was. Ek kon dit nie verstaan, dat die toilette aan die kant van die straat vir beide manlik en vroulik was nie. Ek kon nie glo dat wanneer die vroue strand toe gaan om te gaan swem, ’n kêrel en sy meisie, hulle geen kleedkamers het nie, hulle trek net hulle klere uit tot

by die laaste kledingstuk, draai hulle rûe en trek 'n klein bandjie aan en gaan swem, maar dit is so. Dit pla hulle glad nie. Dis 'n gebruik van Frankryk.

38 In Afrika, vroue en mans, jonk en oud, glad nie enige klere nie, wat deur die grasvlaktes loop. Nog nooit geweet wat 'n toilet, of dinge, was nie, of nog nooit uit mekaar se teenwoordigheid gegaan nie. Maar hulle ken nie die verskil nie. Hulle ken nie die verskil nie. Maar dis gebruike van nasies.

39 Maar ek het gesê: "Skat, ons is anders, ons is van 'n ander Nasie. Ons is reisigers en vreemdelinge hier, dis wat hierdie dinge so verkeerd laat lyk. Want die Bybel het gesê: 'Hulle wat so-iets bely, sê, hulle wys dat hulle reisigers en vreemdelinge is, hulle soek na 'n stad wat sal kom.'"

40 'n Man of 'n vrou in Italië, in Frankryk, in Afrika, in enige ander nasie, wat ooit weer gebore is uit die Heilige Gees, doen nie daardie dinge nie. Hulle sal nie daardie klere dra nie. Hulle sal nie so optree nie, want hulle is van 'n ander Nasie Wie se Heerser en Maker God is. Ons is van die Hemel. Die gees wat in jou is, motiveer jou lewe. As jy 'n Amerikaner is, sal jy maak soos die Amerikaners maak. As jy Frans is, sal jy maak soos die Franse maak, en die ander een kritiseer. Maar as jy van God is, sal jy maak soos hulle in die Hemel maak, want jou Gees kom van Bo en Dit beheer jou.

41 'n Dingetjie waarna julle kan kyk. In die Skrif, het hulle wat na hierdie nuwe Stad gesoek het, anders opgetree. Hulle het gesê dat hulle reisigers en vreemdelinge was. Maar aan die kant van Kain, het hulle voortvlugtiges en afvalliges geword. Maar Christene was reisigers en vreemdelinge. 'n Voortvlugtige het geen tuiste nie, 'n afvallige is 'n verskriklike persoon. Maar 'n reisiger is iets egs, en van 'n regte land in 'n ander Nasie, wat probeer om sy pad terug te vind Huis toe, wat getuig deur sy lewe dat hy iets het wat hy van 'n ander Land is. Daar is die rede.

42 Maar tog daardie mense wat so maak, daardie mense wat daardie goed dra, laat ek vir julle vertel. In Suid-Afrika, toe ek dertigduisend rou heidene gesien het, nakende, kombers-inboorlinge. Sestien-, agtien-, twingtig-jaar-oue meisies, seuns sonder een draad klere, wat daar gestaan het met modder op hulle gesigte, en gegrimeer, bene deur hulle neus, en blokke hout wat van hulle ore afgehang het, en gekruisde mensbeendere of een of ander bene in hulle hare, dieretande wat oral aan hulle hang, nakend soos hulle in die wêreld ingekom het, en dit nie geweet het nie. Maar toe hulle Christus ontvang het, en op hulle gesig geval en die Heilige Gees ontvang het, het hulle opgestaan en hulle arms gevou om hulle skaamte van die bors te bedek, soos hulle weggestap en klere gekry het om aan te trek. Hoekom? Hulle het reisigers en vreemdelinge vir hierdie wêreld geraak. Halleluja! Hulle was weg van Hom. Ja, meneer.

43 O, ja, hierdie mense noem hulleself Christene. Hulle behoort aan kerke. Hulle gaan weg en sê: "Ons is Metodiste. Ons is Baptiste. Ons is Pinksters. Ons is Sewende-dag Adventiste. Ons is *dit*, *dat*, en die *ander*." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Jou gees, die lewe wat in jou is, motiveer en sê wat jy is. Jesus het gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."

44 Die kerk het soos Israel geword, eers. Hulle het gesien al die heidense nasies het 'n koning. God was hulle Koning. En hulle het gesien die heidense nasies het koning, so hulle wou maak soos die heidense nasies, en hulle het vir hulleself 'n koning gekoop. En terwyl hulle dit gedoen het, het hulle in die moeilikheid beland. Geleidelik het dit begin inkom. Geleidelik het die wêreld in hulle begin insluip. Uiteindelik geëindig in Agab. Een koning wat net 'n bietjie nader daaraan gekom het, bietjie nader daaraan, en uiteindelik die lewe uit hulle uitgedruk het. En daar het hulle gegaan. En toe die regte Koning gekom het, het hulle Hom nie geken nie.

45 Dis dieselfde ding wat die kerk gedoen het. Dit het aangeneem. Hier het julle dit. Dit het politiek, geleerdhede aangeneem. Dit het organisasies aangeneem, sosiale lewe, groot kerke, hoogdrawende predikers. En wanneer die regte Koning kom, ken hulle Hom nie, en kruisig hulle die einste Heilige Gees wat hulle Koning is. En hulle ken Hom nie, maar hulle lag vir Hom en bespot Hom. Soos die Jode met hulle Messias gemaak het, maak die kerk dieselfde met hulle Messias. Hulle weet dit nie. Hulle het nie die geestelike insig nie, want hulle is so geïndoktrineer met hulle oë en wat hulle sien, groot geboue, om te probeer vergelyk met die wêreld. Ons word nooit vermaan—vermaan om te vergelyk met die wêreld nie. Ons word vermaan om onsself te verneder.

46 En, een is die meerderheid, in God. En vandag in die genesings-evangeliste buite op die veld, is daar so 'n kompetisie, mededingers. Een sê: "Wel, prys God, ek het soveel duisend. Ek het 'n groter byeenkoms as wat jy het." Watter verskil maak dit? Ons een of eenmiljoen het, watter verskil maak dit? Is ons getrou aan God? Is ons getrou aan Sy Woord? Staan ons onder die toets van die Heilige Gees? Is dit waar? Dit is die hoofsaak.

47 Maar ons gee toe op die Bybel. Baie van ons Pinkstermense, gee toe op die fundamentele Doktrines van hierdie Bybel. Daar's. . . Ek wil nie gevoelens seermaak nie. Ek's in my eie kerk, en ek voel dat ek—ek net kan doen wat, in my kerk, want ek preek die Evangelie. Maar daar's tiene van duisende Pinkster predikers wat weet daar's glad nie so-iets in die Bybel soos die doop in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees" nie. Ek daag die aartsbiskop of enigiemand uit, om vir my te wys waar enigiemand ooit gedoop is in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees." Maar hulle gee toe, omdat die organisasies so gemaak het. Daar is nie een persoon in die Nuwe Testament, en vir

driehonderd jaar daarna, volgens die geskiedenis, wat nie gedoop is in die Naam van Jesus Christus nie. Wat is dit? Organisasie. Dis wat dit gedoen het. Toegee!

48 En vandag het hulle al die straatwerkers van die straat afgehaal. Hulle het die tamboeryn uit die kerk uitgehaal. Hulle het al die glorie uit die kerk uitgehaal, en kweekskoolprediking gekry, ou hanekammetjie prediking, goeie plek in die sosiale kringe, en hulle vroue wat kortbroek dra en rokke waarin hulle gegiet is, en mans wat sigarette rook, en dobbel en vuil grappe vertel. Dis 'n skande in God se oë! Ek weet dis rof, maar dis tyd dat iemand iets sê. Gee toe, gee in, tree op soos die wêreld!

49 Ek gee nie om of ek alleen moet staan, met niemand behalwe God alleen nie, ek sal die Waarheid van God se Bybel preek en Daarvoor staan. As ek sterf, sal ek steeds staan vir die Waarheid. Sekerlik. Ons wil Waarheid hê. Ek sal nie voldoen aan die kerk nie, maar ek wil voldoen aan die Woord van God.

50 Maar Delíla, het julle opgelet? Sy het geweet dat Simson 'n krag gehad het. En sy het nie geweet waar daardie krag gelê het nie. Sy kon nie sê wat daardie krag was nie, maar daar was 'n sekere groot krag wat Simson gehad het, en sy wou dit vind. En, soos Delíla, het sy Simson aanhou verlei met haar skoonheid. O, sy het haarself baie wulps aangetrek. En sy het voor hom geloop en sy het gegiggel soos party van die tienertjies van vandag, en—ensovoorts, en net soos iets anders wil optree, 'n ontkleedanseres, om vir Simson na haar toe te verlei.

51 Dis dieselfde ding wat die wêreld met die kerk gedoen het. Waar is jou groot Krag nou?

52 "Wel, as ons sal organiseer, sal dit die Krag breek." Die Katolieke kerk het dit gedoen.

53 "Maar die Filistyne is op jou, Simson." En 'n Luther het uitgekom.

54 Toe het hulle weer georganiseer. "As jy my met 'n ander tou vasbind, sal dit my vashou." So hulle het.

55 "En die Filistyne is op jou, Simson." Wat het gebeur? Wesley het uitgekom en die toue gebreek.

56 "Nou jy het my die heeltyd mislei. Weet jy nie ek het jou lief nie, Simson? Goed, vertel vir my die waarheid in jou hart."

"Goed, bind my vas met 'n ander tou."

57 "Goed, nou sal ons dit doen." Wat is dit? Dis die denominasionele tou.

58 "Jy my sal loslaat, dat ek geen denominasie het nie. Dan, sê ek jou, sal jy my gebreek het." So die Pinksters het uitgekom. Waar's julle Krag?

"Filistyne is op jou." En hy het weer die toue gebreek.

59 Wat het nou gebeur? Dit het die Pinksters, die groot Doktore van Godsgeleerdheid as hulle pastore, een of ander groot man. Hulle het net soveel skool en ritueel as wat die Metodiste of Baptiste, of enige van die res van hulle het. Gaan in 'n kerk in en jy kan nie 'n "amen" hoor nie, net so koud soos 'n klomp Eskimo's reg van die Noordpool af. Koud! Ongevoelig! "En nou is die Filistyne op jou, Simson."

60 Die Filistyne is op jou, Amerika. Waar is daardie eenheid van gees? Waar is die eenheid van Pinkster? Die Gemeentes van God, en die Verenigde, en die kerk van God, en *dit, dat*, die *ander*, elkeen met 'n verskillende isme, hierdie een met *dit*, en hierdie een met *dat*. Ons is so verdeeld dat jy nie in 'n stad kan ingaan om 'n herlewing te hou nie, as een kerk dit borg, sal die res van hulle nie eers bywoon nie. Die Kommuniste is op jou, Amerika.

61 Waar is ons Krag? Waar is ons glorie? Wat is dit? Omdat ons agter die wysheid van die mens aangegaan het in plaas van die Krag van God! Wel, hulle het ons predikers en dinge is so styf en formeel, tot hulle ons georganiseer het dat ons so formeel en hardnekkig is, tot mense. . . Hoor jy nog ooit 'n uitroep in die kerk? Jy hoor nooit enigiemand huil nie. Die belydenisbank is in die kelder gesit. Daar's geen glorie meer in die kerk nie. Al wat ons doen is om agteroor te sit, so styf as wat ons kan wees. Ons is nie vry nie. Ons is gebonde. Die duiwel, met sy moderne demone, het die kerk van die lewende God gebind. Dis reg. Daar's geen Krag meer in die kerk nie. Daar's geen vryheid meer nie. Die mense is so styf en formeel! Wel, die God kan in die Pinkstermense se midde inkom, en wys dat Hy God is, en Sy tekens van Sy opstanding bewys, dit skud hulle nie eers nie. Glorie! Wel, dis 'n skande! Ek loop oor die land, God wat werk, tekens doen, en mense sit, en: "Wel, ek reken dis goed. O, ek weet dit kan gedoen word." Dit beweeg hulle nie! Hoekom? Hulle is gebind met Delíla, die wêreld. Hulle is in bande.

62 Nou het hulle hulle selfs in, hulle gebind in 'n konfederasie. "Die Filistyne is op jou, Simson." Wat gaan jy daaraan doen?

63 "O, ons het groot denominasies." Sekerlik. "Ons het groter lidmaatskap as wat ons ooit gehad het." Maar waar is die Gees? Waar is die Heilige Gees?

64 Dis wat die duiwel gedoen het. Dit het die kerk verlei. Dit het die kerk bly verlei: "Kom na my toe, ek sal jou 'n yslike groot tabernakel hier oorkant gee as jy net *hierdie* sal doen. As jy sal ontslae raak van daardie fanatiese prediker wat jy het, en 'n man kry, 'n Doktor van Godsgeleerdheid wat 'n bietjie verstand het, ons sal 'n mooi groot klassieke kerk bou en ons sal soos die res van hulle wees." Skaam julle! Hê liewer 'n man wat nie gesplete koffie van boontjies kan onderskei nie, maar gevul is met die Heilige Gees, wat nie toegee, met die Krag van God nie.

65 Maar dit het, o, so styf geword, dat as een arme gelowige kan deurbreek in die diens en praat in tale, of 'n bietjie skree, of iets doen, en die res van hulle sal almal omdraai en kyk. "Wat was dit? Wel, wonder hoekom? Dit moet 'n fanatikus wees wat êrens ingeval het." Julle weet dis die waarheid! 'n Arme gelowige kom in, raak bly genoeg om hulle hande op te steek, en te huil en God te prys, iemand wat "amen" sal skree vir die prediking van die Evangelie, en die res van hulle sal omdraai en kyk wat hy gesê het. Dis Pinksters. Wat makeer? Julle boots die Metodiste na, die Baptiste na; hulle het die Katoliek nageboots; Katoliek het die hel nageboots. En, almal saam, dit alles, boots die hel na! Reg.

66 Delíla het julle verlei na groot kerke, goeie, geleerde predikers, die beter klas gekies. "Wel, jy weet, *So-en-so* hieronder is 'n miljoenêr, as ons hom net kan kry om in ons gemeente in te kom! O, goeiste!" As hy nie wedergebore is nie, dan verdien hy nie om daar te wees nie. Ek gee nie om of hy 'n miljoen dollar het nie. As hy veertig Cadillacs besit, wat hy ook al het, hy moet wedergebore wees, reguit afkom na 'n nuwe geboorte en geregenereer word deur die Heilige Gees, en daar uitkom in 'n nuwe geboorte, snot (verskoon my), en trane en skree, en aangaan soos die res van hulle maak, en daarna 'n lewe lei om te bewys hy het Dit. Amen. Dis wat jy nodig het.

67 "Simson, die Filistyne is op jou." Die Kommuniste is op jou. Die wêreld is op jou. Die duiwel is op jou.

68 Hulle gaan terug en hulle sien die Gees van God doen wonderwerke en doen dinge van Sy opstanding, wat Jesus belowe het, hulle sê: "Jy weet, ek dink Broer Branham het 'n hele klomp verstandstelepatie. My pastoor het gesê dit was van die duiwel."

69 Jou arme, skynheilige, misleide ongelowige, goed opgeleide, jou wolf in skaapsklere! Jesus het gesê: "As julle My geken het, sou julle My dag geken het." Maar julle het 'n klomp Sauls wat julle probeer maak soos die res van die wêreld.

70 Ons wil 'n klomp manne van God hê wat nie toegee op die Woord nie, maar die Waarheid preek en staan op die doop van die Heilige Gees.

71 Maar wat het die wêreld gedoen? Dit het al julle Krag afgeskeer. Julle was as Nasireër gebore, Pinkster, maar die wêreld het beslis julle Krag afgeskeer. Nou is dit net so styf soos die res van hulle.

72 Wat gaan ons maak? Wat gaan gebeur? Daar's een glorieryke ding waaraan ek kan dink om hierdie teks mee te beëindig.

73 Terwyl Simson vasgebind was! Ons kan nie 'n herlewing hê nie. Luister na ons getroue broer, Billy Granham: "Herlewing in ons dag!" Luister na Oral Roberts wat skree: "Herlewing in ons dag!" Luister na die res van hulle: "Herlewing in ons dag!" Hoe kan ons 'n herlewing hê terwyl ons gebonde is? Ons het die Heilige Gees gebind, met ons organisasies en tradisies, en ons

kan nie 'n Heilige Gees herlewing hê nie. Amen. Ek weet dis vuurwarm, met die weer, maar dis die Waarheid. Hoe kan ons 'n Heilige Gees herlewing hê wanneer julle so gebonde en styf is! "Vorm van godsaligheid," het die Bybel gesê sou hulle hê. "Vorm van godsaligheid, maar sou die Krag daarvan verloën." Die krag van wat? Die krag van die organisasie? Die krag van die wêreld? Die krag van die kerk? Die Krag van die Heilige Gees! Dis die geheime plek in die kerk. En wanneer die kerk geleerde predikers aanneem, en groot geboue en swierigheid, in plaas van die outydse Heilige Gees, beter hulle weer in die sendingstasie wees. Amen. Waar. Hoe gaan jy 'n herlewing van die Heilige Gees hê, en mense onderdruk Dit en bind Dit en is bang Daarvoor? Daar is waar die probleem lê.

74 "Die Filistyne is op jou." Maar die een salige hoop het ons, terwyl Simson in die tronk was . . .

75 Wat was die eerste ding wat hulle gedoen het toe hulle hom gevang het? Hulle het hom eers vasgebind. Hulle het sy krag weggeneem, hulle het sy geheim gevind. Hulle het julle geheim gevind. Die wêreld het julle geheim gevind. Nou sny al julle vroue julle hare af, dit gaan soos die wêreld. Julle mans gaan almal en maak soos die wêreld. Dis alles reg, vertel grappe en vuil grappe, en gaan uit en rook 'n paar sigarette, en gaan uit met die bure se vroue, en al die res soos daardie, 'n sosiale drankie om julle werk te behou. Ek sal liewer op my maag lê en sodabeskuitjies eet en rivierwater drink, en skoon en rein bly voor God, as om toe te gee vir enige soort werk. Dis reg. Waar. Bly getrou aan God.

76 "Simson, die Filistyne is op jou." Branham Tabernakel, wêreldsheid kruip in onder julle. Wat daarvan? Het julle julle geheim ontbloot? Het julle daardie geheim ontbloot wat God julle gegee het toe julle daar in die saagsels gerol het 'n paar jaar gelede? Het julle dit laat uitkruip met sosiale, formele aanbidding? Wat het met julle gebeur? God kan afkom en 'n wonderwerk doen en reg afgaan deur die gehoor en mense die verborgenhede van hulle harte vertel, en alles, en die siekes en beproefdes genees, en tekens en wonders doen, en Sy Woord preek net so hard as hulle kan, deur die Heilige Gees; en mense sê: "Wel, ek reken dis goed. Ons geniet om nou en dan daarna te luister, as ons nie te moeg is nie." Dis Branham Tabernakel. Die Filistyne is op julle.

77 Wanneer, altyd was wanneer die Woord gepreek is, en die ou gelowiges met trane in hulle oë, op hulle voete sou staan en loop, en snik, miskien nie eers 'n woord sê nie, net rondloop, twee of drie keer, en gaan sit, so gevul met die Heilige Gees! Die Woord het hulle gevoed! "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Filistyne is op julle, Branham Tabernakel.

Filistyne is op julle, Pinkster.

78 Natuurlik, het die Filistyne julle gekry, res van julle, lang tyd gelede toe julle julleself so styf vas georganiseer het, dat niks kon inkom as jy nie 'n Presbiteriaan, Baptis, Metodis, Katoliek, of iets was nie. Julle wou niks met die res van hulle te doen hê nie.

79 So, herlewing in ons dag? Hoe kan ons dit hê wanneer die gewone herlewinggewer gebind is deur die wêreld? God sal nie inkom waar die wêreld is nie, jy kan net daarop staatmaak. Jy assosieer met die wêreld, dan is dit—is dit alles daarvan. Wanneer jy die wêreld laat insluip, jy begin optree soos die wêreld, dan is jy gedaan. Maar wanneer jy elke band van die wêreld sal lossny, en na God toe kom, sal God jou gebruik tot jy weer gaan flankeer.

80 Hier's die enigste hoop wat ek vanmôre het, om my Boodskap af te sluit, hiermee: "Terwyl Simson vasgebind was, het daar nuwe hare uitgegroei."

81 God stuur ons nog 'n Kerk net voor die eindtyd, dat die Krag van die Heilige Gees in haar kan inkom, in die demonstrasies van die Gees, en Markus 16 die Kerk kan volg, Handelinge 2:4, Handelinge 2:38, dit alles reg saam met die Kerk sal gaan. Tekens en wonders vergesel die apostels. Groot tekens van Sy opstanding vergesel hulle. Terwyl ons in die tronk is, kweek God tog sekerlik 'n oes iewers, vir die laaste groot aanslag. Mag dit jy wees, my Christenvriend hier vanmôre, mag dit jou krag wees wat begin groei. Ek bid dat hierdie Boodskap vanmôre, en buite in die land waarnatoe hierdie sal gaan, ek vertrou dat hierdie Boodskap sal help om die vitamien na jou stelsel toe te bring wat weer 'n geestelike Krag in jou lewe sal laat teruggroei.

Kom ons buig ons hoofde en bid.

82 O Here God, Skepper van die Hemel en die aarde, die Outeur van Ewigdurende Lewe, en die Gewer van elke goeie en geestelike gawe, neem hierdie woorde vanmôre en plaas hulle in die hart, en gee hulle water, Here. Mag die mense oor hierdie dinge bid, siende dat die wêreld die kerk verlei het en uiteindelik sy Krag gevind het, sy geheime plek gevind het, gevind het waar sy geheim lê, en dit afgeskeer het. Die mense geneem het wat eers die oorwinning geskree het, eers die oorwinning gehad het, en hulle afgeskeer het, om by die huis te bly op 'n Woensdagaand om 'n televisieprogram te kyk. Die vreugde uit hulle harte uit te neem, en hulle 'n groter liefde vir die wêreld te gee as wat hulle vir God het. Hulle meer wêreld gegee, vir wêreldsheid, groter begeerte vir wêreldse vermaak as om die prediking van die Evangelie te hê. As daar nie 'n groot orkes en 'n klomp aanganery is, en skree en aangaan nie, dan wil hulle nie die ou Evangelie meer hê, wat trane van vreugde na die siel bring, wat Goddelike genesing terugbring, wat die apostoliese gawes aan die kerk herstel, wat die herrese Christus, die Messias van hierdie dag inbring.

83 Maar soos Israel gebind was deur—deur hulle konings, dat hulle nie die regte Koning kon volg nie; en die regte Koning, toe Hy gekom het, het hulle Hom nie herken nie. So is dit vandag. O Here, die Koning van die Heerlikheid het verskyn in die vorm van die Heilige Gees, en, Here, hulle weet dit nie. Hulle herken dit nie. Hulle is so streng georganiseer, dat hulle dit nie verstaan nie, want dis nie in hulle organisasie nie. Here, hierdie is 'n werk van die duiwel wat hierdie aan die mense gedoen het.

84 Mag die Simson van God, mag die getroue harte, hulle wat verlang en uitroep, en pleit en vashou, mag hulle daarby bly, Here, tot hierdie nuwe oes uitgroei, tot daar weer 'n vreugde voortkom in Sion, en daar 'n groep voortkom wat kan herken en verstaan, wat die Messias en die verborge Krag kan sien wat verberg is van die wêreld, wat hulle nie nou sal verstaan nie. Skenk, Here, dat hulle hierdie sal sien. Want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

[Leë kol op band—Red.]
. . . krag net nou,
O Here, stuur die Krag net nou
En doop elkeen.

Hulle was in die bo-vertrek,
Hulle was almal eensgesind,
Toe die Heilige Gees neergedaal het,
Wat belowe is deur ons Here.

O Here, stuur U krag net nou,
O Here, stuur U krag net nou;
O Here, stuur die Krag nou net
En doop elkeen.

85 Hoe ek Hom liefhet! Stuur net Sy krag! Hulle was in die bo-vertrek, almal eensgesind. Alles van die wêreld het uit hulle uitdreineer. Hulle was leeggemaak, en die Heilige Gees het gekom.

86 Vandag sê hulle: "Kom, sluit aan by die kerk, sit jou naam op die boek. Of buig en sê: 'Ek bely Christus as die Seun van God,' staan op." Die duiwel doen dieselfde ding. Sekerlik. Die duiwel is gedoop toe Judas gedoop is. Die duiwel het uitgegaan en die Evangelie verkondig toe Judas uitgegaan en die Evangelie verkondig het. Maar die duiwel het nie die Heilige Gees gekry nie. Dis reg. Dis waar die verborge Krag is, daardie opstanding, daardie seker wete, sonder 'n sweempie twyfel. Amen.

87 Hy's hier. Daardie selfde Heilige Gees, daardie Een wat op die Messias was, steeds op Sy Kerk. Hy gaan nooit weg nie. "Ek sal altyd met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld. Ek sal daar wees. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Julle sal meer as hierdie doen, want Ek gaan na My Vader."

88 Maar die wêreld gee toe daarop: "O, daardie is vergange dae!" Net wat die duiwel wil hê jy moet doen. Hulle wil hê jy

moet glansryk wees. God wil hê jy moet gedoop word. God wil jou hê. . . Jy sê: "O, ek glo nie in al daardie aanganery nie." Gaan voort en lewe, gaan voort en lewe in jou sonde, lewe in jou sonde. Maar tot jy verrot, tot jy verrot vir jou eie idees, tot jy verrot vir jou eie modes, en weer geregenereer word en wedergebore word, en daardie nuwe Lewe heeltemal anders word as die een wat ondertoe gegaan het.

89 'n Mieliepit gaan geel ondertoe, en dit kom groen op. Gaan hard ondertoe, verhard, dit kom buigbaar op en waai in die wind. O, glorie! Halleluja! Wanneer die winde begin waai, kan die pit niks doen om homself te beweeg, te skuif nie, maar die klein—die klein blaartjie buig en juig, groei dan, versterk ditself. Dit kan nooit 'n blaar word voor die pit dood en verrot is nie. Nie net dood nie; maar verrot. Kan nie meer terugkom nie, maar lewe kom daaruit.

90 Soos ek 'n tydjie gelede gesê het, 'n geboorte is 'n verskriklike ding, vuil, vieslik, die vieslikste van vieslikheid, maar dis waar die lewe lê. Wanneer jy jouself vieslik ag, jou Metodiste, Baptiste en Pinkstergeloofsbelydenisse vieslik ag, en uitsterf by die altaar, dan kom daar nuwe Lewe in. Die Heilige Gees laat jou bo dit uitstyg; jy sien God.

91 Ons sal Hom een glorieryke dag sien. Eendag buite die bereik van sterflikheid, sal ons Hom sien. Glo julle dit? Eendag buite die bereik van sterflikheid, wag daar vir my 'n blye môre.

92 Ek het gisteraand hierbo op die hoek gestaan, en gedink ek sien vir klein Rabbi Lawson. Toe hy destyds hieronder was, en sy ou kierietjie uitgesteek het en my met sy nek getrek het, om my nek met sy kierie, hierbo na die preekstoel toe, en daardie lied gesing het: "Daar wag vir my 'n. . . " [Leë kol op band—Red.] . . .?. . .

93 Iets het gebeur! Dit het die wêreld uitgehaal. Ek het dinge anders begin sien. Ek was al so bekommerd oor die manier wat hierdie Amerikaanse mense optree, die heeltyd, jaar na jaar, vroue en mans sien hoe hulle hulleself verlaag en uitgaan in sonde, tot ek twee of drie keer amper 'n ineenstorting gehad het, deur daaroor te bekommer. Gister, het ek vir God gesê: "Ek sal my nie meer bekommer nie. U Woord het gesê dit sou so wees. Maar ek sal in die bresse tree en uitroep daarteen, met alles wat in my is."

94 Nou die dag, daarbo by Green's Mill, my grot, gestaan, ver agter in die wildernis, heeldag gebid. En omtrent drie-uur, die son was besig om te sak, en ek het daarbo gestaan en oorgekyk, uit die grot uitgekom, bo-op 'n groot rots. En ek het daar gestaan, na die Ooste toe gekyk, die Here geprys. En ek kon die son agter die bome sien afbeweeg bo-op die berg, terwyl ek oor die diepkloof gekyk het oorkant in die ander in, en baie blare aan, net so stil soos dit kon wees. En ek het gesê: "Here, eendag het U

vir Moses in die rotsskeur verberg, en U het by hom verbygegaan, omdat hy moeg was. Maar toe U verbygegaan het, het hy gesê dit 'het gelyk soos die agterkant van 'n man.'" Ek het gesê: "Verberg my in die skeur, Here." Omtrent op daardie tyd, hier oor na my een kant toe, het daar 'n Windjie gekom wat deur daardie bosse afbeweeg. Dit het reguit aanbeweeg, reg afgekom langs my, 'n Windjie wat afbeweeg het, afgegaan deur die woude. Ek het daar gestaan.

Eendag, net God weet waar en wanneer,
Sal die wiele van sterflike lewe alles stil staan,
Dan sal ek daar gaan woon op Sion's berg.

Eendag buite bereik van sterflikheid,
Eendag, net God weet waar en wanneer,

Gaan wat gebeur? Sy gaan afsluit, al hierdie wieletjies wat draai.

Die wiele van sterflikheid sal almal stil gaan staan,
Dan sal ons daar gaan woon op Sion's berg.

Daal neer, soete strydwa,
Wat kom om my Huistoe te dra;
Daal neer, soete strydwa,
Wat kom om my Huistoe te dra.

As jy daar kom voor ek daar is,
Wat kom om my Huistoe te dra;
Sê vir Broer Bosworth, en al my vriende, ook,
Wat net kom om my Huistoe te dra.

Daal nou neer . . . (Sy sal eendag afsak en my optel.) . . . strydwa,
(Elke boom sal aan die brand wees; die Engele van God, die vuurwa.) . . . om my Huistoe te dra;
Daal neer, soete strydwa,
Wat kom om my Huistoe te dra.

95 Een van hierdie dae, een van hierdie dae in die lae dele van my doodsure, verwag ek dat Hy sal kom. Dis reg.

Ek het oor die Jordaan gekyk en wat sien ek daar
Kom om my Huistoe te dra; (Soos ou Elía wat oor die Jordaan kyk.)
'n Blink Engeleskaar wat my hier kom haal,
Hulle het gekom om my Huistoe te dra.

Daal neer, baie ver neer, soete strydwa,
Wat kom om my Huistoe te dra;
Daal neer, soete strydwa,
Wat kom om my Huistoe te dra.

96 Die Here Jesus, die salige Bestuurder van hierdie strydwa, die Stuurman van die ou skip van Sion, die boot van die Lewe, wat afbeweeg deur die gebou, en spreek, Sy Teenwoordigheid is hier. Die einste Heilige Gees wat Hom opgerig het uit die graf, is hier.

97 Aangesien hulle geen gebedskaartjies uitgegee het nie, is daar enigiemand hier wat van buite die stad af gekom het, wat ek nie ken nie, wat hier is om voor gebid te word? Steek julle hande op, wat ek nie ken nie. Steek julle hande op, ek nie ken nie. Jy, jy daar. Ek glo die kêreltjie met die snor daaragter, iemand het hulle hand opgesteek agter aan daardie kant. Ja, jy, het jy jou hand opgesteek? Goed. Daaragter, jy, meneer. Goed. Julle almal vreemdelinge vir my? Die Here Jesus, dieselfde Herder van die kudde hier, glo julle Sy beloftes is waar? Hy salf Sy kerk, en "Die werke van Ek doen, sal julle, ook. Selfs groter as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader. Meer as hierdie!" Glo julle dit?

98 Het jy jou hand opgesteek dat jy my nie ken nie? Glo jy dat God vir my kan sê wat in jou hart is, met my kan praat net soos Hy het met die vrou wat Sy kleed aangeraak het? Glo jy Hy is die Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? As God jou toestande aan my sal openbaar, sal jy glo dat ek Sy profeet is, glo dat Sy Teenwoordigheid hier is en dis hoekom Hy dit toelaat? Jy bid vir jou vrou. Sy het 'n gebreekte heup, ontwrigte heup. Dis reg. As dit reg is, staan op. Goed, gaan vind haar, gesond. Amen.

99 Wat van jou daaragter, die kêreltjie wat opgestaan het, wat die snor gehad het? Glo jy met jou hele hart? Glo jy God kan jou probleme vir my vertel? Glo jy jou seun sal gesond wees? Glo jy? Het 'n seun, het serebrale verlamming. Dis reg. Jy's nie . . . Dis van Kentucky. As dit reg is, steek jou hand op. Ek ken jou nie, ken ek? As ek ken . . . Steek jou hande op soos *hierdie*, ons nie mekaar ken nie. Dis reg. Vertrou op God. Glo jy? Soos jy glo, vind jou seun soos jy glo. Sit jou net op jou hart.

100 Wie was dit hier wat hulle hande opgesteek het, wat ek nie het—nie het . . . Was dit jy? Goed, meneer, glo jy dat ek God se profeet is? [Die man sê: "Amen."—Red.] Jy glo, met jou hele hart? Jy hoef nie op te staan nie, bly staan maar net, net daar. Goed, meneer, wat jou probleem is, jy het suikersiekte. En dit pla jou voet. Jy's van Ohio. Jou naam is Mnr. Miller. Gaan terug huistoe en word gesond. Goed, glo met jou hele hart. Goed.

Glo jy met . . . ? Glo dit. As julle kan glo!

101 Die dame wat hier sit, het jy jou hand opgesteek? Groot dame, bril op, glo jy met jou hele hart? Glo jy met . . . Glo jy dat ek God se dienskneg is? Jy glo? Goed, as God vir my kan sê wat jou probleem is, sal jy glo? Hartprobleem. Goed, steek op jou hand as dit reg is. Goed.

102 Die dame hier langs jou, het opgesteek. Hart; maar dis eintlik jou oë. Ek ken haar. Goed, as jy kan glo!

103 Daaragter, die volgende man daaragter het ook hartprobleme, en 'n velsiekte. Glo jy dat God jou sal gesond maak? Glo jy, meneer?

104 Daar's 'n man daaragter iewers, wat sy hande opgesteek het dat hy nie het . . . Mnr. Schubert. Goed, meneer. Goed, glo jy? Dis vir jou oë, ook, is dit nie? Jy bid ook vir jou moeder wat daar sit. As dit reg is, steek jou hand op. Ons is vreemdelinge. Is dit reg? Skud julle hand, skud julle hand vir mekaar. Goed, dis reg. As julle kan glo, kan julle ontvang!

105 Die herrese Jesus Christus is in die gebou. Hy's dieselfde Een. Wat doen Dit aan julle? Het julle die wêreld al die krag uit julle laat uittap? Glorie! Ek wil nuwe geboorte hê! Ek wil nuwe Lewe hê! Ek gee nie om op watter vlak Dit kom, as ek 'n holy-roller moet wees, enigiets nie. Ek gee nie om op watter vlak Dit kom nie, ek wil die ware Heilige Gees hê soos wat dit nou op my is. Ek wil Dit behou! Ek wil Dit liewer hê as al die dinge van die wêreld. Amen! Glo julle? Glo julle Hy's hier?

106 Lê dan julle hande op mekaar. Sê vir my van nog een ding wat Hy kan doen. Niks. Hê nou geloof. Glo dis verby.

107 Here God, Skepper van Hemel en aarde, Outeur van Ewige Lewe, en Gewer van alle goeie gawes, U Gees is hier wat so salf, Here, dat dit lyk asof die gebou asem haal, heen-en-weer beweeg. Waarom kan mense dit nie verstaan nie, Here? Het hulle—het hulle soveel met die wêreld geassosieer, en so koud en formeel en styf geword, dat hulle U nie meer kan ken nie? Here God, mag hierdie Krag elkeen tref, en elke siek persoon genees word, elke sondaar gered word, en God die eer ontvang. Deur Jesus Christus, die Seun van God, vra ek dit. Amen.

108 Glo julle dit? Steek jou hande op. Aanvaar jy jou genesing? God seën jou. Gaan nou en vind dit net soos jy geglo het, dit sal so wees. Ek sien visioene breek oor ander. Dis reg. Ek moet terugkom vanaand.

109 As jy nie nou glo nie, gaan jy nooit glo nie. Dis reg. Jesus het dit eenkeer gedoen, en hulle het gesê: "U is . . . Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy hierdie vir ons vertel." Sy het gesê: "Ek weet die Messias sal dit doen. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy."

110 Toe het sy in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, kyk 'n Man Wat geweet het wat ek was en wat ek gedoen het. Is dit nie die Messias nie?"

111 Hy het gesê: "Hierdie dinge sal weer in die laaste dae vorm. Die Kerk sal die Waarheid verkondig, Dit sal op die Woord staan. Dit sal al die Gebooie van God doen. Dit sal nie assosieer met die wêreld nie. En daardeur sal Ek beweeg en dieselfde dinge doen."

112 Maar Hy het gesê: "Hulle sal roekeloos, verwaand wees, meer liefhebbers van genot as van God, verraaiers, lasteraars, wat 'n

gedaante van godsaligheid het," baie godsdienstig, na kerke toe gaan. "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die Krag daarvan verloën. Keer jou van hierdie mense af!"

113 Julle mense, waar julle ook al in die kerk was, wat Hy net nou geroep het, die visioen het my verlaat. As—as dit die waarheid was, wat ek gesê het, en ek wat nie daardie van julle af geweet het nie, steek julle hande op, wie dit ook al was. Regoor die kerk, elke—elke persoon. Goed. Sien? Ken hulle nie, het hulle nog nooit gesien nie; maar die Heilige Gees is hier en Hy ken hulle. Kan julle nie sien dis nie ek nie?

114 Luister! As Hy my daarmee sal vertrou, sal Hy my vertrou met die Waarheid van die Woord, want die Waarheid kan net kom deur die Woord. "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, want die belofte kom julle toe en julle kinders, hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Glo julle dit? Daar gaan 'n doopdiens wees net binne 'n oomblik.

115 Kom ons buig ons hoofde. Ek sal die pastoor vra om te bid terwyl hulle gereedmaak vir die doop. Ek dink daar's 'n doopdiens wat kom. Goed.

'n Misleide Kerk, Deur Die Wêreld AFR59-0628M
(A Deceived Church, By The World)
Die Kerk reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 28 Junie 1959, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org